Swak graanpryse maak MGK versigtig

Lae graanpryse en verhoogde koste van produksiemiddele bring mee dat produsente groot druk ervaar op hulle winsgewendheid en dus ook met ’n groter skuldlas opeindig. ’n Beduidende afname in graanpryse, 29% in koringpryse en 23,5% in mieliepryse tussen Oktober 2008 en Oktober 2009 (volgens die Nasionale Landboubemarkingsraad) maak dit moeilik om volhoubaar winsgewend te boer. Hierdie omstandighede het ’n direkte invloed op landboumaatskappye wat beteken dat hulle die toekoms met omsigtigheid moet benader om werksekerheid vir die industrie se werknemers te verseker.

“In die lig van die feit dat ons boere huidig ernstige finansiële druk trotseer huldig MGK die standpunt dat volhoubare werkgeleenthede vir sy werknemers ononderhandelbaar is, en dat afleggings ten alle koste verhoed moet word. Hierdie benadering vereis egter ander opofferings, met byvoorbeeld die inkorting van operasionele uitgawes, maar is op die lange duur ten bate van die maatskappy, sy boere kliënte en sy werknemers”, aldus Ben Lombard, besturende direkteur by MGK.

Te midde die salarisonderhandelingproses is daar ’n fyn balans wat gehandhaaf moet word. Landboumaatskappye moet ag slaan op hulle werknemers se eise, hulle is immers naas die boere die hartklop van ’n landboubesigheid. Die uiteindelike skikking wat bereik word na afloop van salarisonderhandelinge moet egter nie die toekoms en werksekerheid van enige werkgewer in die industrie se werknemers in gedrang bring nie.

MGK doen deurentyd alles in hulle vermoë om ’n volhoubare toekoms vir alle rolspelers te bewerkstellig. Alhoewel landbou onder druk verkeer is MGK as party tot die Bedingingsraad vir die Graanbedryf, sedert stigting van die Bedingingsraad, verbind tot billike arbeidspraktyke en voorsien dat daar in die komende twee rondtes van onderhandelinge ’n kompromie tussen alle partye bereik sal word, soos in die verlede.

“Boere is die spilpunt van ons besigheid en as hulle onder druk verkeer is dit onafwendbaar dat landboumaatskappye ook swaar sal trek. MGK is egter verbind daartoe om die boer te ondersteun asook die maatskappy se werknemers. Ons dra tans die las saam met al die rolspelers, sonder dat een party alleen die spit af byt. Dit sal ’n gesonde en gebalanseerde bedryf ten bate van almal vir die toekoms verseker”, aldus Lombard.

Uitgereik deur MGK Bemarkingskommunikasie
Navrae: Nic Bronkhorst, Bestuurder: MGK Groep Bemarkingskommunikasie, nicb@mgk.co.za, 082 629 7766